# HUWELIKSNOOD *

DIE pad wat ons soek om vir ons 'n weg te baan deur die labirint van die lewensproblematiek, veral van die huweliksnood in hierdie tweede helfte van die twintigste eeu, word nie juis makliker gemaak met die omwenteling wat daar gekom het oor sedes, gebruike en opvattinge oor verantwoordelikheid nie. As ons dit maar eers goed raakgesien het, mag dit meehelp om gouer 'n pad te kry. As ons dan nie weet watter pad die regte is nie, kan ons te minste weet watter paaie nimmer 'n uitkoms sal gee nie. Dit is ook al iets, as ons weet hoe om nie te soek nie.

Die lig op ons pad is die Woord van God. Dit lyk so vanselfsprekend en so eenvoudig.

Gods Woord het seker iets te sê oor die huwelik, sy heiligheid en onskendbaarheid, sy oorsprong in sy diepste sin en betekenis, sy doel en ook sy verbreking. As ons hierdie pad dan ken, dit nagevors en bepaal het, is daar nou 'n duidelike rigsnoer. Daar is meer: daar is ook 'n hoorbare bedreiging vir die huweliksverbreker, want daar is geen toekomsverwagting vir hom of haar nie. Vir die egbreker gaan die lamp dood en dit bly ewig donker.

Dit skyn asof Gods Woord duidelike taal spreek, as ons maar gewillig is om te luister, dit te aanvaar as die sprake Gods in en vir ons lewe.

## Gods Woord en die huwelik

Ons sou nie verkeerd wees wanneer ons begin om vas te stel wat Gods Woord oor die instelling van die huwelik gee nie. In die Handelinge van die Ekumeniese Sinode (1958, p. 72) word alles kort en saaklik saamgevat in die woorde: „Die huwelik is 'n verhouding wat deur God ingestel is en God bedoel dat dit 'n eksklusiewe (monogame), permanente (lewenslange) en saamlewende (seksuele) liefdesgemeenskap sal wees".

Kom laat ons hierdie verskillende gedagtes ondersoek en dan saamvattend tot 'n konklusie kom.

Die *monogame* huwelik nl. van een man en een vrou, is by die skepping deur God ingestel. (Genl. 26, 27 en 2 : 21 - 24). Dit is wel van die allergrootste belang dat Christus in Matt. 19 : 6 na die skeppingshuwelik verwys en sê: „Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" en dan later weer, verwysende na die skeibrief wat Moses gegee het, „Maar van die begin af was dit nie so nie".

Die huwelik is nie 'n orde wat deur die mens bepaal, goedgedink en uitgedink is nie. Dit is deur God self verordineer en hierdie goddelike orde kan net deur die mens aanvaar word. Hy kan hom daarin begeef en dit gehoorsaam, maar mag daaraan nie met onheilige hande probeer verander nie. Dit is iets wesenliks van God, die werk van God, 'n verbintenis wat God nie maar net beveel het nie, maar self verrig het.

Ons kan dus sê dat die monogame huwelik normatief is. En

---

* IBC-studiestuk nr 30, Potchefstroom s.j.

tog is dit later in die aartsvaderlike tyd opmerklik dat poligamie in swang was. Ons vind dit nie net by die goddelose Lameg nie, maar as algemene leefwyse waaraan konings tot oormaat van ramp meegedoen het. Ons kan probeer om daarvoor verklarings te soek, maar niks bevredig eintlik heeltemal nie. Dit was 'n verbreking van die Goddelike ordinansie. Dit was sonde en vervreemding van God af. Dit is wel duidelik dat die Skrif met die huwelik begin en met 'n huwelik sluit. En God heilig die huwelik om dit te neem as teken van die innigheid van Sy verbond met sy volk. (Jes. 62 : 5, Jer. 2 : 31, Eseg. 16 en die profesie van Hosea). Ook spreek die Spreuke-boek so duidelik van die sieraad van 'n gelowige verbintenis van een man en een vrou. Ons verwys na Spreuke 12 : 4, 18 : 22, 19 : 14, 31 : 10 - 31).

Die Nuwe Testament gee heldere riglyne en gebooie. Die huwelik moet volgens die goddelike ordinansie ingerig wees, moet heilig gehou word en word gebou op lewenslange trou tussen een man en een vrou. „Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle sal een vlees wees". (Matt. 19 : 5). Die onontbindbaarheid van die huwelik is welseker, in die woorde van Van Oyen, die evangeliese grondslag wat vir die huwelik geproklameer word. (Liebe und Ehe p. 265).

Hy wat nie vertikaal dink nie, wat nie Gods ordinansie in die huwelik bely nie, wat slegs horisontaal die mens in sy gang deur die eeue wil raaksien, sien in die huweliksband, soos die Skrif dit gee, 'n onmoontlike dwangmaatreël, wetties verstrengel en wat in 'n patriargale tyd miskien nog kon geld, maar geensins meer in ons huidige verligte en liberalistiese toestande nie. Miskien kon dit nog in die Ou Testament pas, maar geensins meer in die Nuwe Testament nie.

En tog is die struktuur van die huwelik in die Nuwe Testament nog presies dieselfde as in die Ou Testament. Dit sou te 'n lang betoog wees om te verduidelik dat poligamie in die Ou Testament net so skerp veroordeel word as wat in die Nuwe Testament gedoen word. En Christus sien in die huwelik nie 'n wettiese dwangmaatreël wat alle vryheid van man en vrou ontneem nie. Inteendeel, oral waar van die huwelik gespreek word, staan dit in die teken van begenadiging. Dit is 'n weldaad wat God aan die mens bewys om hom nie alleen te laat nie, aan hom 'n metgesel te gee wat by hom pas. Dit is genade dat twee mense mekaar se hand kan neem en so een met mekaar word dat die man sy eie vrou kan liefhê soos sy eie liggaam, want: „Wie sy eie vrou liefhet het homself lief". (Ef. 5 : 28). Was dit dan nie genade dat God Eva gemaak het uit Adam se eie vlees en been nie? Is dit nie genade dat God sy verbond met ons vergelyk met die huwelik nie? Is Christus nie Bruidegom en sy Kerk bruid nie? En daarom: die huwelik bring nie beperkings sonder tal nie, maar juis geleenthede, voorregte. Twee mense ervaar met mekaar in die geloof en in vleeslike gemeenskap met mekaar iets van die heerlike koninklike status, dat God hulle gebruik om die grondslag te vorm van die hele maatskappy, van volkere en nasies. God skep nie meer mense nie, maar gebruik die man en vrou in hierdie bepaalde verhouding as

man en vrou om geboorte te gee aan mense, tot instandhouding van volkere en tot volmaking van die liggaam van Jesus Christus. (Vgl. Ef. 5 : 29, 2 Kor. 11 : 2, Openb. 19 : 7, 21 : 2, 9 en 22 : 17).

En so het ons al die kenmerke van 'n Skriftuurlike, Godverheerlikende huwelikslewe. Ons het hier die mooi wederkerigheid wat opbouend vir mekaar is, waarin die intimiteite slegs uitdrukking is van 'n behoefte om verbondenheid aan mekaar met die hele hart te beklemtoon. Elkeen het regte en pligte, maar albei is bereid om alle regte ook te offer, as hy of sy weet dat daardeur 'n hegter mekaarverhouding sal ontstaan. Die man is bereid om te offer ter wille van sy vrou en die vrou wil ook offer ter wille van haar man.

## Gods Woord en huweliksverbreking

Vanweë ons uitgangspunt moet ons sê dat die huweliksband in sy wese onverbreeklik is en alle egskeiding is wesensmatig teen die wil en ordinansie van God. Ons benadruk hier — en sal dit nog later samevattend doen, dat Gods ordinansie gehou moet word in sy wesenlike karakter as iets waaraan die mens, geen mens, iets aan mag verander nie. Ons moet hier vertikaal dink en daarby bly. Sodra as die horisontale weg as etiese moontlikheid gesien word en egskeiding ter wille van die liewe vrede en die opheffing van die mense geken word, moet ons kom tot 'n gans andere sienswyse. Ons het dit in die moderne huweliksmoraal in sy ydele spel met liefde wat versubjektiveer word, dat geen agting vir Gods Wet betoon word nie, maar net 'n namelose erkenning van die voorregte van mens-wees. Hierdie opvatting vind ons nie in die Skrif nie.

In die Ou Testament moet ons daarop wys dat egskeiding eintlik nie 'n wedersydse aksie was waarin beide die man en die vrou optree nie. Eerder berus dit op die eensydige beslissing van die man en sou ons eintlik moes spreek van verstoting van die vrou deur die man. In Deut. 24 : 1 - 5 vind ons die reëling van egskeiding. Ons gaan nie op die besonderhede in nie, maar wys daarop dat die man optree en dit nie skyn asof die vrou die reg het om 'n eis in te stel nie. Dit gaan om die man wat iets onbehoorliks of skandeliks by sy pasgetroude vrou ontdek het. Die joodse skool van Sjammai het daaronder alle onkuisheid verstaan en dit is miskien gepas om dit daarby te laat en te bepaal dat dit een of ander vorm van onbetaamlike of onbeskaamde gedrag moet wees, juis omdat egskeiding darem werklik nie om 'n kleine rede gegee kon word nie. Immers, God self het egskeiding nie net in die sewende gebod belet nie, maar duidelik gespreek in Mal. 2 : 16 „Want Ek haat egskeiding, sê die HERE, die God van Israel". Hierdie Goddelike haat word in die Goddelike toorn gevind, om die heiligheid van die Goddelike huweliksordinansie ontwil.

Ons weet dat die Skrif besonderlik die huwelik beskut. Israel mag homself nie verontreinig met die nasies in wie se midde hy woon nie. In Esra 9 en 10 vind ons die klassieke uitoefening van Gods heilige wil, eers met die belydenis van Esra in sy diepe verootmoediging „Want hulle het van hulle dogters vir hulle self en

vir hulle seuns geneem, sodat die heilige geslag hom met die volke van die land vermeng het". Hierdie vreemde vroue word summier weggestuur.

Gods toorn word 'n vlam van vernietiging, as die huwelik met hoerery bedreig word. Skuldiges word met die dood gestraf, waarskynlik deur steniging. Vgl. hiervoor Deut. 22 : 21.

In die Nuwe Testament hoor ons geensins 'n ander klank nie. Duidelik positief lees ons in 1 Kor. 6 : 15 - 20 dat ons liggame tempels van God is, duur gekoop en betaal en dus eiendom van Jesus Christus. Daarom is hoerery, seksuele ongebondenheid, nie maar bloot 'n neutrale vermaak nie, maar 'n skending van Gods Wet en 'n verbreking van die eenheid met Christus.

In die Belydenisskrif van die Nuwe Testamentiese Kerk gee die Heidelbergse Kategismus dit mooi saamvattend weer:

> „Alle onkuisheid is van God vervloek en ons moet daarom van harte vyande daarvan wees, kuis en ingetoë lewe in die heilige huwelikstaat en daarbuite. En omdat ons liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees, wil God dat ons albei suiwer en heilig moet bewaar; daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei". (Sondag 41).

Gods oordeel en straf oor die egbreker is dat geen hoereerders of egbrekers die koninkryk van God sal beërf nie. (1 Kor. 6 : 10).

## Die hartheid van julle harte

Nou skyn dit asof die oordeel van die Skrif baie hard is, asof daar slegs 'n onverbiddelike onderworpenheid geëis word wat nooit deurbreek kan word nie. Inderdaad is die daad van huweliksverbreking eintlik 'n herroeping van iets wat onherroeplik is. As ons meer binne die menslike atmosfeer kom, by die eggenote en hulle onderlinge leefwyse, blyk dit dat die kind tog 'n eie deel in die huwelik uitmaak. Dit is, so kan 'n mens byna sê, die onmisbare derde, hoewel daarmee nie beweer word dat die kinderlose huwelik nie 'n huwelik is nie. Immers, die sin van die huwelik is nie kindergeboortes nie, maar dit is Christus. Ons benadruk dat ons telkens vertikaal uitstyg na bo.

Maar dan is daar tog 'n horisontale struktuur, want dit is tog mense wat onder Gods bestel moet saamleef. Dit is Gods wil dat hierdie vader en hierdie moeder in hul eenwording in die huwelik hierdie kind sal voortbring. As Brunner die driehoekstruktuur van die huwelik benadruk, is dit tog heeltemal in orde. Maar dan besef 'n mens dat in die horisontale daar nie net soiets is as huweliksluiting nie, maar dat daar verdere gevolge is wat in aanmerking moet kom en wat verantwoordelikheid benadruk. Kinders word ten diepste geskok deur die uiteengaan van ouers en dit het sulke wrange gevolge ook vir hul lewens. Dit gaan dus nie maar net om ouers se verantwoordelikhede vir versorging met voeding en kleding nie, maar veral dat ook hulle 'n geestelike erfenis mag bekom wat aan hulle ook waardigheid gee. Daar is niks wat 'n kind so onwaardig maak, by groterwording nie, niks wat so gekrenk laat voel as die jonkmans en jongdogtersjare bereik word, as die besef dat ander

na hulle wys en sê: hulle is eintlik persone sonder ouers.

So staan geen huwelik geïsoleerd in ons komplekse samelewing nie. Elke individuele huwelik wat ontbind word, devalueer die huweliksband in die samelewing, ondergraaf sy intrinsieke waarde, bedreig uiteindelik daardie baie diep fondamente.

As ons nou nader ondersoek instel na redes vir egskeiding, moet ons tog erken dat die Skrif nie egskeiding onvoorwaardelik verbied nie. Ons het verwys na Deut. 24 : 1, 2 en Jesus verwys in Matt. 5 : 31 duidelik na hierdie bepaling van Moses in die woorde: „Daar is ook gesê: elkeen wat van sy vrou skei, moet haar 'n skeibrief gee". Hier word byna enige grond toegelaat bv. sy vind geen guns in sy oë nie, aan haar word iets skandeliks ontdek, en nou word geëis dat aan haar 'n skeibrief gegee moet word.

Maar Jesus bring hierby: „behalwe omrede van hoerery". Daarom word hoerery eintlik aanvaar as enigste egskeidingsgrond. Afgesien daarvan dat ons nie presies weet wat onder hoerery verstaan moet word nie, nl. of dit onuithoubare toestand binne die huwelik is, waar geslagtelike omgang in 'n gees geskied wat menslik krenkend is en dus eintlik niks anders is as hoerery nie. Dit kan ook en so word dit meesal opgeneem, as seksuele omgang van 'n getroude vrou met iemand anders as haar man. Hoe dan ook: Christus noem spesifiek en sonder hoerery uit. Hier word natuurlik benadruk dat eggenote trou aan mekaar verskuldig is, maar hier word definitief nie gesê dat die man verplig is om van sy vrou te skei omrede hoerery nie. Selfs waar hoerery plaasgevind het, is versoening vir die gelowige steeds roeping. Die plig tot vergifnis is altyd die eerste, sy dit dan die swaarste plig. Uit alles wat ons hierbo gesê het, nl. dat die huwelik in beginsel onontbindbaar is, onderstreep sekerlik hierdie roeping. Die twee partye moet gelowig oorweeg, ter wille van Gods ordinansie, ter wille van die kinders, ter wille van maatskaplike rus, ter wille van die hardheid van hart en die sondeverskeurdheid waarin ons almal lewe, of dit nie raadsaam is om die getroude lewe voort te sit nie en daarom die toevlug te neem tot Christus wat vir ons geleer het om onsself te ken en die een wat onskuldig is, moet dan eerste die klip neem en op die ander een werp wat nou in die openbaar as skuldige uitgeken word.

Daar is dus geen egskeidingsgrond nie. Die woord „grond" is ook nie 'n sedelike term nie, maar is alleen in die reg gangbaar. Ons moet dus goed begryp dat die hoereerder juridies skuldig is en in 'n regsgeding is daar vir hom geen pleidooi om onskuld te bewys nie. In die kring van die reg is hoerery 'n egskeidingsgrond en moet dit altyd bly. Maar op die gebied van die etiek is daar geen egskeidingsgrond nie, want hier moet die skuldige nie gevonnis word nie, maar jouself noop om eie skuld ook te oorweeg. Waar albei dan skuldig is, is die geleentheid tot versoening altyd daar. Natuurlik word dit hier des te meer geldend, waar die hoerery slegs insidenteel was, in 'n oomblik van swakheid eenkeer gedoen is. Heeltemal anders word dit waar daar verharding is en die sonde nagejaag word. As 'n vrou dus haar man verlaat het en besig is om met 'n ander man te leef, is die huwelik finaal verbreek en is daar ook geen moontlikheid vir versoening nie.

Nou moet ons nog hier byvoeg dat 1 Kor. 7 : 13 - 15 skynbaar nog 'n egskeidingsgrond gee nl. as 'n vrou 'n ongelowige man het en sy is gelowig en hy wil met haar, vanweë haar geloof, nie verder saamleef nie, dan oordeel die apostel Paulus dat die man die inisiatief moet neem om te skei. Maar die gelowige vrou neem nie die inisiatief nie, want sy begeer om met haar ongelowige man te bly saamleef. Ons het dus hier nie, soos by hoerery, 'n rede tot egskeiding nie, want hier is geen sprake van vervreemding nie.

## Op die horisontale vlak

Dit is vandag eintlik gangbaar om op die horisontale vlak te beweeg en dan gronde vir egskeiding daar bloot te lê. Nou kan hier veelvuldige gronde aangetoon werd.

Ons wil begin om te stel dat in Suid-Afrika daar nogal konserwatief te werk gegaan word met wetlike sanksionering van egskeiding deur die Staat. 'n Mens kan die egskeidingsgronde wat deur die Staat erken word groepeer om 'n viertal nl. ontug of hoerery, kwaadwillige verlating, langdurige gevangenskap en kranksinnigheid.

As ons nou aanvaar dat die kerk slegs maar in Woordgebondenheid een egskeidingsgrond erken nl. hoerery, is dit duidelik dat ons hier 'n beginselverandering moet konstateer. Kerk en staat loop nie meer op dieselfde weg nie en dit moet dus kom tot skeiding van weë. Die kerk kan nie die Staat se gewettigde vorme van egskeiding erken nie en daarmee word dan tegelyk gesê dat die kerk enkele egskeidingsgronde afwys en as dit deur lidmate voorgewend word, weier die Kerk om so 'n huwelik as ontbonde te ag. Vir die Kerk leef sodanige lidmate dan eintlik in ontug en in sy arbeid moet die Kerk hom ook so rig.

In ander lande word selfs nog meer egskeidingsgronde by wetgewing erken en eintlik moet 'n mens toegee dat as jy eers die enigste fondament verlaat, as jy nie meer erken dat die huwelik 'n Goddelike ordinansie is nie, maak dit ook nie meer saak hoeveel egskeidingsgronde erken word nie.

Afgesien van die gewettigde egskeidingsgronde word op sosiologiese gronde 'n veelheid erken wat almal op die horisontale vlak lê. So word dit gestel dat verbreking van die huwelik ekonomiese oorsake het. Dit word aan die hand gedoen dat die hoë ekonomiese opbloei meebring dat man en vrou moet werk en verdien. Dikwels word te vroeg deur jong egpare besluit om te trou en dit terwyl selfs hul gesamentlike verdienste nie genoegsaam is om 'n ordentlike lewe te kan bekostig nie. Al te dikwels is nie finansies die vernaamste rede nie, maar juis die totale onrypheid van die huweliksgenote.

En nou kan ons op die horisontale vlak voortgaan om talle redes te noem en niemand sal wil ontken dat daar genoegsaam gronde is om sulke redes te onderstreep nie: gebrek aan huisvesting, gebrek aan toerusting vir 'n bepaalde werk, oorwerktheid deur die behoefte aan ekstra verdienste, Sondagwerk vir dubbelbetaling. Gevolglike opbreking van die huisgesin omdat tyd ontbreek vir gesamentlike

ontspanning: en as daar ontspan word, word die eensaamheid van die viswaters opgesoek deur die man en selfs met vakansie is die huisgenote nie meer byeen nie.

Die eensame en vereensaamde mense — die in homself gekeerde wese, wat die vensterrame van sy persoonlike huis toegetrek het en uiteindelik nie meer behoefte het aan gesprek nie, wat sit en visvang en in die akte konsentreer op die lyn. Die uiteinde is dat hy en sy vrou mekaar nie meer verstaan nie en hulle albei leef geensins saam met hul kinders nie. As die dag van egskeiding aanbreek, weet nie een van hulle waarom dit moet gebeur nie, het dit ook nooit verwag nie, kan geen rede daarvoor aanvoer nie en ons hoor slegs die versugting van die vrou: hy het my nie meer lief nie. Die man sê dieselfde. Die skeidingsproses het lankal reeds begin en nou is dit maar net die lyntjie wat finaal breek. So gebeur dit in baie gevalle.

Op die horisontale vlak — daar soek ons die rede. Dit het vandag modern geword om in alles net rekening te hou met die horisontale. As ek horisontaal kyk, kyk ek oor die platvlak van die aarde heen na die gesigseinder. Ek hou rekening met die verwikkelinge wat hulle hier afspeel, die gebeurtenisse van elke dag. Hier gaan dit om myself en die dinge wat op my betrekking het. Maar dis nie al waar ek mee moet rekening hou nie. Daar is ook nog die vertikale. Dit is wanneer ek opkyk na Bo, wanneer ek weet dat dit allerbelangrik is om met God rekening te hou en dit in die eerste plek.

En nou mag ons nie die horisontale afspeel teen die vertikale nie en ons moet hulle ook nie sien as teëstellings nie. Ons moet sekerlik rekening hou met die mens in sy ellende of in sy vreugde. Ons mag nie die probleme van elke eeu verontagsaam en ekonomiese faktore buite rekening laat nie. Ons sou onwerklik, onrealisties wees. Maar ons mag sekerlik ook nie God buite rekening laat nie en net maar die tydelike toestande ken en alles daaruit probeer verklaar nie. Egbreuk lê baie dieper as die horisontale en moet bepaald die vertikale in die oog vat. Ons moet dus sê dat die vertikale juis in die horisontale tot uitdrukking kom. Ons verhouding tot God kom in ons lewe te voorskyn en sal bepaald in die huwelikslewe duidelik tot uitdrukking kom. Daarom moet die gebeurtenisse van elke dag, dit wat tot openbaring kom in ons huwelik en gesin, gefundeer wees in God en in Gods Woord. Eers vertikaal en dan horisontaal.

En nou moet u my toelaat om dit baie duidelik te stel: Dit is nie maar die man wat sy vrou loslaat of die vrou wat van haar man skei nie. Inteendeel: Dit is die man wat sy God losgelaat het en die vrou wat geskei het van God af — en toe moes die ander loslating volg. Dit volg en moet volg, soos wat die dagbreek op die nag volg. En dit is die angswekkende feit wat ons vandag in die oog moet kyk: persentasie egskeiding styg daeliks en dit het ontsettende afmetinge aangeneem. Kinderhuise is vol weeskinders, nie omdat hul ouers fisies dood is nie, maar omdat die huisgesinne opgebreek is. Bykans alle kinders in ons kinderhuise se ouers leef albei, maar is vervreemd van mekaar. Regeringskommissies is aan

die werk en aanbevelings om die probleem te bekamp sal wel volg. Daar word raadgewende kommissies deur kerke aangewys wat aan voornemende huweliksgenote advies moet gee of wat aan voornemende huweliksverbrekers sielkundige raad moet gee. Maar daar is ook veelmeer private speurders wat die huweliksontrou moet bespied en die geregshowe spandeer miljoene aan die tydrowende werk om te kyk of daar nie tog 'n einde aan kan kom nie.

Op die horisontale vlak lê nie heil nie en daar is geen verwagting nie. Ons sluit dus met die enigste verwagting: eers vertikaal en dan horisontaal.

## Op die vertikale vlak

Dit is betekenisvol dat God die huwelik kort na die skepping van die eerste mensepaar ingestel het. Om die waarheid te sê: Eva was nooit los van haar man Adam nie, omdat sy bedoel was as hulp vir hom en sy moes by hom pas. Huwelik en skepping van die vrou is dus een en dieselfde daad van God. Die huwelik was dus voor die sondeval en het nie as gevolg van die sonde gekom nie. Die mens was die volle beeld van God en het die seënryke opdrag ontvang: „Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers..." Daar het u die koningsmens in volle koninklike gestalte.

Op grond van hierdie samevoeging deur skepping en verbintenis, verkry ons die essensiële van elke huwelik. Dit is nie maar twee mense wat besluit om te trou nie en dit is nie maar 'n kontrak wat hulle verbind nie. Ons Huweliksformulier sê mooi: „Daarom moet u ook nie daaraan twyfel dat die huwelikstaat God die Here behaag nie; want Hy wat vir Adam sy vrou geskape het, haar self na hom gelei en vir hom as vrou gegee het, betuig daarmee dat Hy vandag nog na elkeen as't ware met sy hand sy vrou lei".

In die huwelik moet God altyd gesien word: in ons wedersydse hulp vir mekaar, in ons kinders wat in ons huis gebore word, in ons opvoeding, in ons kruis, in ons vreugde. Dan eer ons die huwelik as gegrond in Gods welbehae en nie as 'n instelling van mense nie. Daarom leef ons heilig met mekaar, omdat daar hoë wedersydse agting vir mekaar is. Elke man sê elke dag: My vrou wat God aan my gegee het. Die vrou bely elke dag: My man wat God aan my geskenk het. Hier het ons dus 'n ewigheidsbinding, in die sin dat wat God saamgevoeg het, geen mens mag skei nie. God hou verbonde, solank as wat daardie eggenote leef en alle willekeurigheid is uitgeskakel. En as die sonde krake bring, dan is die eerste vraag wat gestel moet word aan egteliede wat beoog om te skei: vrees julle ook God nie? Dit is dan om van te skrik.

Maar natuurlik: as God al lank vergeet is, dan het ons ook geen huwelik meer in die regte sin van die woord nie. Hoe kan ons ooit 'n huwelik hê sonder God? Ons noem dit dan nog maar net so en dan praat ons van egbreuk, maar dit is eintlik niks anders meer as kontrakbreuk nie. Ons wil dus duidelik stel: as Gods Woord toegeklap word, as die vertikale blik na Bo nie meer daar is nie, maar net nog die horisontale, dan het ons nie meer met 'n

huwelik in skriftuurlike sin te doen nie. As daar dus beweer word dat daar groot getalle egbreuke voorkom, is dit nie volkome waar nie. By egte huwelike van Godvresendes sal die persentasie meer gering wees.

Oorsake van sogenaamde egbreuke en stranding van sogenaamde huwelike kan in die eerste plek dus aangedui word as: tersydestelling van Gods Woord, verloëning van God, uitskakeling van die vertikale blik na Bo.

Ons kom dan ook by die skepping van man en vrou. Hulle is in 'n rangorde geskep, eers die man en daarna uit die man ook die vrou. Ook hieruit kan ons veel aflei. Eva is tog as hulp gemaak vir Adam en nog meer, na die sondeval het God gesê: „Na jou man sal jou begeerte wees en hy sal oor jou heers". (Gen. 3 : 16).

Nou is die wonderlike dat dit tipies vroulik is om na haar man op te sien. Haar werk het altyd die tipiese trek van hulpwerk. Sy soek nie die voorgrond nie — daar moet haar man wees. Die man vergader met die ander in die poort om te regeer en reg te spreek. Die vrou se ideaal is in haar huis, waar sy gelukkig is met haar kinders en volgens Spreuke 31 is haar werk tuis in 'n eie nywerheid. Die vrou wil gelei wees, wil 'n sterk arm hê, begeer dat die man regeer, sy kinders dissiplineer en tug as dit nodig is. Maar as 'n man dan nie manlik is nie, nie die leiding neem nie, is daar teleurstelling by die vrou. Sy wil nie self lei nie, maar word daartoe verplig. Daar het nou 'n duidelike kraak in die huwelikslewe gekom. Die man was te swak en hy kan nie terugwin wat hy eens verloor het nie. Gevolg hiervan is dat die vrou verlang na 'n ware man en haar sondige gedagtes word dan op een gevestig na wie sy wel kan opsien. Sekerlik: ons het hier een van die redes vir egskeiding: versteurde orde. Die vrou is dan nie meer hulp nie, maar die man neem die plek van die vrou en hy word die hulp.

God het sy huwelik tussen Adam en Eva so nou verbind dat dit nie anders kon, as dat hulle eintlik een was nie. Daar was eintlik nog nooit so 'n noue verwantskap as tussen hierdie twee egteliede nie. Hulle was nouer verbind as broer en suster. Hulle het by mekaar gepas. Dis 'n wonderwoord hier. 'n Geestelike kwaliteit word gestel, wat tog die innigste verband is. Sekerlik: as man en vrou nie bymekaar pas nie, kan daar geen ware huwelik wees nie. Dit moet dus twee wees met dieselfde geloof, dieselfde gees, een van hart en een van sin. Hier is die godsdienstige oortuiging seker die diepste. As hier diepgaande verskille is, kan dit nergens meer pas nie. 'n Mens kan verder gaan: daar moet sekerlik na eenheidskenmerke gesoek word in taal, tradisie, nasionaliteit. Hier mag daar nie gesoek word na eendersheid nie, want dit sou te eng wees. Hier kan wel gespreek word van eenheid. Ook kerkverband kom hier ter sprake. Hoe kan 'n Gereformeerde met 'n Rooms-Katoliek trou en dan beweer dat hulle bymekaar sal pas? Hoe kan hier maar willekeurig met kerkverbande gewerk word, of dit totaal verswyg en dan einde ten laaste word daar gevind dat daar geen eenheid van sienswyse is nie?

Nou sê die Skrif ook dat een van die huweliksdoeleindes is: sodat in hierdie huisgesin die menslike geslag gebou word. Ons

het dus te doen met 'n gehoorsaamheids-eis. Liefde vir mekaar bestaan inderdaad uit offer wat met 'n gehoorsame hart gebring word. Teenoor God is ons ten hoogste gehoorsaamheid verskuldig. Albei huweliksgenote moet begerig wees om kinders uit Gods hand te ontvang. God kon op sy eie wyse die menslike geslag gebou het, maar Hy gebruik die man en vrou as werktuie om Sy wil uit te voer. Ons moet onthou dat dit 'n deel is van die mens se koninklike funksie. Die seksuele lewe van man en vrou, wat tog so dikwels getuig dat man en vrou nie bymekaar pas nie vanweë 'n wellustige instelling daarteenoor, moet weer vertikaal gesien word. Dit gaan nie maar net om ons nie, maar dit gaan in die allereerste plek om dit wat God ons voor gebruik, om Sy raad te dien, Sy koninkryk tot volle ontplooiing te laat kom. Hier ag die een die ander uitnemender as homself. Hier verhef ons mekaar en bly ver van enige verlaging of verliederliking van dit wat God aan ons gegee het.

## Eers die vertikale en dan die horisontale

Dit is baie duidelik dat ons moet begin met die vertikale blikrigting na Bo. Daarby mag ons egter nie bly staan nie, omdat God die mens nie totaal oorheers, en in die oorheersing hom alle selfstandigheid ontneem nie. God neem die mens in diens, laat hom leef en ook in die huwelik die genot smaak van 'n gesinslewe waarin liefde woon. Die mens leef ook tussen die sonde en ervaar ook allerhande teëspoed en kruis. Daarom moet die horisontale die mens weer oor die tye en gebeurtenisse heenvoer na 'n Godverheerlikende einde. As die horisontale lewe geskied uit die wortel van die vertikale en gestuur word deur die noue verband met God, moet die horisontale weer terugvoer na sy wortel en moet die huwelik tot Gods eer gedy.

Daarom moet ook die burgerlike regsorde nie maar wette maak wat groei uit die behoeftes van die horisontale lewe nie, maar moet in Gods voorsienige bestel sy plek neem. Al is dit slegs 'n menslike regsorde, moet dit op grond van die goddelike regsorde die reg vasstel. Die burgerlike owerheid het dus ook 'n roeping wat ons by die huwelik en egskeiding so kan formuleer: Die owerheid is 'n dienaar van God en moet daarom Gods ordinansies insake die huwelik eer en respekteer. Gods ordinansies moet deur die owerheid as rigsnoer geneem word.

Al moet die owerheid noodgedwonge ook andersdenkendes in sy wetgewing onthou en daarom ook vir ongelowiges onder die sondeverbreking egskeidingswette uitvaardig, moet hy nogtans nie deur sy wetgewing die christelike grondslag van die huwelik ondermyn nie. Dit kan geskied deur willekeurige egskeidingsgronde te vermenigvuldig.

As ons dan spreek oor egskeiding in Suid-Afrika wat sulke uiters hoë persentasies aanneem, sal snoeiwerk aan die boom nie veel help nie. Dit sal verwildering teëwerk, maar die siekte nie uitroei nie. Huweliksadviseurs, veral as hulle uitsluitlik op grond van wetenskaplike sosiologiese kennis en ervaring hulle taak aanpak, sal eintlik in dieselfde kategorie val as motorbestuurdersinstrukteurs wat self nie in staat is om motor te bestuur nie. Die

vraagteken, die flikkerende rooilig vir ons tyd is juis dat ons werk laat doen deur huweliksburo's wat slegs op die horisontale pad rigting wil gee. Maar die regte advies moet by die Kerk en sy ampte gekry word, by diegene wat God self gebruik en stuur as sy eie gesante. Die roep moet kom na die Kerk, na die dissipline van Gods Woord en gereelde Woordverkondiging. Dit laai op die skouers van die prediker ook die groot nood van ons tyd en die Woord moet duidelik en eg gespreek word. Dit moet nie wees menslike woorde en eie opinies nie. Elkeen moet hoor: So sê die HERE. En nie net die predikant nie maar ook die gereelde kerklike bediening, deur die ampte van ouderling en diaken moet in volle funksie kom. En dan is daar ook die heerlike sluitsteen: Gods beeld bevat die drie ampte: Koning en profeet en priester. In Gods Kerk staan daar drie ampte: Koning en priester en profeet.

Die remedie skyn duidelik daar te wees waar die ampte die vertikale bring en dit laat geld op die horisontale vlak.